

20 Desember

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 1:12-24
Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 1:22

Waarborg van toekomstige ontvangstes

Paulus skryf hierdie brief aan die Korintiërs met die wete dat daar baie probleme en worstelinge in die gemeente is. Hy wys aan die gemeente dat dit wat hy verkondig met 'n skoon gewete gedoen word (vs 12). Paulus doen dit deur die genade van God. Die klem wat hy lê is dat Christus die vervulling, die "ja" van God se beloftes is.

Ons kan maar net tot die eer van God "Amen" sê daarop wat Christus reeds gedoen het. Ons kan niks byvoeg of weglaat by dit wat Christus vir ons doen nie. Hy het volkome vir ons sondes gesterwe. Hy het die dood oorwin! Jesus Christus het in volle heerlikheid na die hemel opgevaar en sit nou aan die regterhand van God, waar Hy vir ons intree.

Hy laat ons egter nie alleen nie. Hy stuur vir ons die Heilige Gees, die Trooster, om ons te leer en te verseker dat Hy weer sal kom. Die Gees is ons onderpand en waarborg. Ons is elkeen deur die Heilige Gees as sy kinders gesalf, tot sy diens afgesonder. Ons word elke oomblik verseker en gewaarborg dat Christus ons as sy kinders in die volle heerlikheid sal opneem! Ons sal die ewige lewe in volle heerlikheid ontvang!

Laat ons oë op Christus gevestig wees. Die Heilige Gees is as waarborg en pand vir ons gegee, om ons te troos en te lei op ons lewenspad. Dit maak nie saak wat in ons lewe gebeur nie, ons behoort aan Christus, ons getroue Verlosser en Saligmaker.

Mag ons as bruid van Christus deur die Gees uitroep: Ja, Here Jesus, kom gou!

Sing: Skrifberyming 8-1 (14):1, 2

Teol. Student Marco le Roux